# *Afrikaans Eerste Addisionele Taal*

# *Graad 8*

# *Byvoegline Naamwoorde*

## Notas

Hoe byvoeglike naamwoorde (adjektiewe) getoets word:

1. gee die attributiewe vorm
2. trappe van vergelyking
3. intensiewe vorme

'n Byvoeglike naamwoord kan ook **letterlik** of **figuurlik** gebruik word.

Haar skooltas is baie **swaar**. (Letterlik)

Dis **swaar** om nie geld vir skryfbehoeftes te hê nie. (Figuurlik)

# ATTRIBUTIEF / PREDIKATIEF

- Die **byvoeglike naamwoord** *(adjective)* beskryf die **selfstandige naamwoord** *(noun)*.
- Dit kan ***voor*** of **ná** die selfstandige naamwoord gebruik word.

| ATTRIBUTIEF | PREDIKATIEF |
|---|---|
| 'n B.nw. wat **voor** die s.nw. staan, is **attributief**.<br>• laggende meisie<br>• treurige uitdrukking<br>• rooi motor | 'n B.nw wat **ná** die s,nw, staan, is **predikatief**.<br>• Die meisie is laggend.<br>• Die uitdrukking is treurig.<br>• Die motor is rooi. |
| Ons las slegs 'n **-e** aan die einde van die byvoeglike naamwoord as dit:<br>– **voor** die b.nw. staan, en<br>– **meer as een lettergreep** het. | 'n Byvoeglike naamwoord kry **nooit** 'n **-e** as dit **ná** die selfstandige naamwoord staan nie. |

Maar sommige attributiewe byvoeglike naamwoorde met **een lettergreep** kry 'n **–e**:

| **Eindig op** | **Byvoeglike naamwoord met een lettergreep** | **Attributief gebruik** |
|---|---|---|
| -d | goed<br>dood<br>koud | goeie mense<br>dooie bome<br>koue water |
| -f | lief<br>dof<br>doof | liewe ma<br>dowwe ligte<br>dowe vrou |
| -g | droog<br>moeg<br>vroeg<br>sag | droë hout<br>moeë kinders<br>vroeë oggend<br>sagte bed |
| **Let ook op die volgende:** | | |
| -nk | lank<br>jonk | lang man<br>jong vrou |

# TRAPPE VAN VERGELYKING

Dis BAIE belangrik om die name van die trappe te ken.

| STELLENDE TRAP | VERGROTENDE TRAP (-er) | OORTREFFENDE TRAP (-ste) |
|---|---|---|
| mooi | mooier | die mooi**ste** |
| groot | gr**o**ter | die groot**ste** |
| rof | ro**ww**er | die rof**ste** |
| interessant | interessanter | die interessant**ste** |
| snaaks | snaakser | die snaak**sste** |
| **Let op die volgende:** | | |
| baie | meer | die meeste |
| ou**d** | ouer | die oud**ste** |
| ho**og** | hoër | die hoog**ste** |
| l**aag** | laer | die laag**ste** |
| vr**oeg** | vroeër | die vroeg**ste** |
| sl**u** (*sly*) | slu**wer** | die sluuste |
| lekk**er** | lekker**d**er | die lekker**ste** |
| duur | duurder | die duurste |

As die b.nw. op 'n -s eindig, skryf ons altyd twee s'e in die oortreffende trap.

'n Woord met **twee of meer lettergrepe** wat **eindig** op 'n -e, kry ***meer ... / mees ...***

opgewonde → **meer** opgewonde → **mees** opgewonde

Gebruik die **vergrotende trap** as "hoe" twee keer voor die adjektief voorkom.

Hoe (rooi), hoe (mooi). → Hoe roo**ier**, hoe moo**ier**.

# INTENSIEWE VORME

Intensiewe vorme word as **een woord** geskryf en het geen trappe van vergelyking nie. (Behalwe: oop → wawyd oop)

| *STOK* | *BRAND* | *ANDER* | | |
|---|---|---|---|---|
| -(siel)alleen | -arm | wêreld**beroemd** | hoepel**krom** | beeld**skoon** |
| -blind | -maer | gal**bitter** | dol**leeg** | riet**skraal** |
| -doof | ***MORS*** | pot**blou** | skreeu**lelik** | blits**snel** |
| -flou | -af | trommel**dik** | spring**lewendig** | stroop**soet** |
| -oud | -dood | pik**donker** | veer**lig** | asyn**suur** |
| -styf | | kurk**droog** | wonder**mooi** | lood**swaar** |
| ***DOOD*** | ***BLOED*** | plank**dun** | poedel**nakend** | pik**swart** |
| -bang | -jonk | peper**duur** | pap**nat** | as**vaal** |
| -eenvoudig | -rooi | piek**fyn**/haar**fyn** | brood**nodig** | rots**vas** |
| -eerlik | -weinig | goud**geel** | splinter**nuut** | dol**verlief** |
| -gelukkig | ***SMOOR*** | seep**glad** | pen**orent** | spek**vet** |
| -gewoon | -dronk | spot**goedkoop** | pyl**reguit** | stamp**vol** |
| -moeg | -kwaad | gras**groen** | koeël**rond** | wild**vreemd** |
| -seker | -verlief | klip**hard** | ska**tryk** | vuur**warm** |
| -stil | | ys**koud** | silwer**skoon** | spier**wit** |